NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 14 – Uitgawe 4

25 Februarie 2021

Delmas herleef

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Wat doen ons as baie dinge om ons nie meer lyk soos jare gelede nie? Papiere wat rondwaai soos blare in die herfs, teerpaaie wat meer gate het as teer, vullisdromme wat vergeet word en oorloop van verlede week se tjipspapiere?

Wat doen ons as die straatligte se koppe hang en getuig van 'n dorp wat besig is om te sterf, en die reuk van riool hang soos 'n doodsreuk oor die parkie met gras wat heuphoogte staan en die skoppelmaai wegsteek en skuiling gee aan die misdadigers wat 'n lewe maak uit ander se verliese?

Wat doen ons as ons kinders oorsee gaan bly en Covid-19 ons verhinder om ook te emigreer, wanneer ons op soek is na dorpe en parke waar ons piekniek kan hou en nie hoef te vrees nie dat iemand my skootrekenaar uit my kar sal steel voor Spar waar 'n bedelaar voorgee hy pas my kar op?

Wat doen ons? Hierdie vraag is beantwoord met 'n aksiegroep genaamd *Delmas Herleef*. Ons het op Delmas, soos op verskeie ander dorpe en in voorstede, besluit ons gaan iets positief doen. Ons het besluit dat om belasting te betaal en te kla nie genoeg is nie, en dit gaan ook nie 'n verskil maak aan hoe ons dorp lyk nie. Delmas Herleef is deur 'n klompie van ons begin, en ons enigste doel is om Delmas te laat herleef. Om Delmas en die omgewing op te kikker en daarvan 'n plek te maak waar mense kan oorweeg om te kom woon. Delmas moet ten minste 'n opsie wees wanneer 'n keuse gemaak word.

Barend le Grange van die *SA Today*-stigting het ons kom touwys maak en gesê dat vier dinge belangrik is wanneer 'n mens 'n verskil wil maak in 'n dorp. Jy moet *skoonmaak, herstel, verf en plant.* Barend was betrokke by die opbou van Coligny en tans is hy deel van projekte op Senekal en in Alexandria. Projekte wat ten doel het om hoop te bring aan dorpe en nedersettings se inwoners.

Ons het begin om bestaande netwerke in Delmas te mobiliseer. Met die hulp van skole, kerke, die munisipaliteit, die buurtwag en Afriforum is die gemeenskap bymekaar gebring en het ons begin om skoon te maak en te herstel. Oud en jonk, sakemanne en skoolkinders, pastore en predikante help papiere optel, en boere help om gras in die parke en op die sypaadjies te sny. Afriforum skenk materiaal waarmee slaggate opgevul word, en verskeie borge voorsien verf waarmee sypaadjies se randstene geverf word. Ons het ook begin om straatname op die randstene te verf.

Victor Khanye-munisipaliteit op Delmas is 'n aktiewe vennoot van Delmas Herleef. Ons het al verskeie vergaderings saam gehou, en wedersydse respek en hulpverlening vorm 'n stewige fondasie vir die projekte waarmee ons besig is. Die munisipaliteit beveilig die pad wanneer ons die slaggate herstel of die randstene verf. In die hele proses is netwerke baie belangrik. Hierdie is 'n proses wat bestuur en gemonitor word.

Die hele gebeure laat my dink aan Christus se opdrag om sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees. Ons het 'n geleentheid om van die wêreld 'n beter te maak. Dit vra egter dat ons betrokke sal raak in ons gemeenskappe. Mag die Lig van Christus deur ons skyn en mag ons van Suid Afrika 'n beter plek maak.

Dr Martin Jansen van Rensburg, Delmas

Lief en leed

- **Mnr Niel Janse van Rensburg** (50), broer van ds Leon Janse van Rensburg (Gemeente Namibkus, ring van Dorsland), is op 16 Februarie onverwags oorlede na ’n kort siekbed. Hy en sy gesin was woonagtig te Winterton. Ons dra ons voorbidding en medelye oor aan sy gesin, sy moeder, sy broer en suster en hul gesinne.

- Die hartseer van die familie en veral die kinders van **dr Hannes en Ibel Beukes** wat in Maart 2020 oorlede is, is steeds baie groot. Daar is beplan om ’n afsluitings-/troosdiens te hou in Maart 2021. Vanweë die koronavirus sal dit nou waarskynlik eers aan die begin van Julie kan plaasvind. Toegang tot Suid-Afrika uit die VSA, Skotland en Dubai waar die kinders woon, is tans nie moontlik nie.

- Ons het intussen verneem dat **mnr Riek van Rensburg** (77), voorheen argivaris van die NHKA, positief getoets het vir Covid-19. Hy gebruik die nodige medikasie en is besig om tuis aan te sterk. Ons bid hom volkome herstel toe.

Lenah Anne Barkhuizen

- **Emeritusprofessor Jan en Anne Barkhuizen** het die vreugde van ’n eerste agterkleinkind gesmaak toe **Lenah Anne** op 5 Februarie gebore is. Sy is na haar twee oumagrootjies vernoem. Die trotse ouers is hul oudste kleinseun, Jan-Harm, en sy vrou Trudi-Lee Barkhuizen van die Kaap. Baie geluk!

Ds Chris le Roux

- Baie geluk aan **ds C (Chris) le Roux** van Stellenbosch/Worcester met die verwerwing van sy **PhD in Semitiese Tale** aan die NWU. Die titel van sy proefskrif is *’n Retories-kritiese studie van die verhaal van Bashir* (Leiden Oriental Ms 951(2)). Die gradeplegtigheid sal virtueel in April/Mei vanjaar plaasvind.

Ds Hannes Janse van Rensburg

- Baie geluk ook aan **ds JG (Hannes) Janse van Rensburg** van Zuurfontein met die verwerwing van sy **PhD in Missiologie** aan die NWU. Die titel van sy proefskrif is *Brugbediening in vakante gemeentes gemik op ’n missionale fokus: ’n Holistiese benadering deur ’n multifokale lens.*Die gradeplegtigheid sal virtueel in April/Mei vanjaar plaasvind.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Maart 2021, en word hartlik geluk gewens:**

○	Donderdag 25 Februarie:	Di H (Hennie) Aucamp (72) (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (33) (Onverwacht)
○	Vrydag 26 Februarie:	Ds M (Monja-Lize) van Belkum (42) (El-Flora)
○	Sondag 28 Februarie:	Di A (Anneline) Geyer (46) (Kempton Park-Oos), HP (Herman) Meyer (44) (beroepafwagtend) en A (Aniena) Jansen van Rensburg (33) (Leeudoringstad) (verjaar eintlik 29 Februarie)
○	Maandag 1 Maart:	Ds Y (Yolandé) de Lange (38) (beroepafwagtend)
○	Dinsdag 2 Maart:	Di JM (Johan) Delport (69) (emeritus), EG (Etienne) Fourie (63) (Kempten) en C (Carli) Fourie (31) (Noordwestelike Pretoria)
○	Donderdag 4 Maart:	Ds JLJ (Johan) Smit (68) (emeritus)
○	Vrydag 5 Maart:	Ds JPC (Jasper) van der Westhuizen (51) (Randfontein Midpark/Westonaria)

Ds Waldo Pretorius

Gemeentes en bediening

- Alle finansiële korrespondensie met **Gemeente Postmasburg** moet gerig word aan hul **kassier, diak Petro Greeff,** by 082 355 9317 / **pmauto4@gmail.com**. Hul vorige kassier, mev Marietjie Swarts, is verlede jaar oorlede. Die gemeente se vorige skriba, oudl Willie Coetzee, het bedank. Hul **nuwe skriba** is **oudl Johan Bloem,** 072 855 2498 / **johandbloem@gmail.com**.

- Die **nuwe skriba** vir die **ring van Noord-Kaapland** is **ds PW (Waldo) Pretorius,** 071 619 6192 / **waldopretorius0@gmail.com**. Die vorige skriba, ds JZ (Hans) Britz, het ’n beroep na Standerton aanvaar.

- **Ds MS (Marius) Jansen van Vuren van Ventersdorp,** wat op 28 Februarie vervroegde emeritaat aanvaar, se **e-posadres** verander vanaf 25 Februarie. Die nuwe adres is **mariusvanvuren@gmail.com**.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van ’n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om ’n wesenlike impak en ’n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van ’n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by **george.marais@fineandcountry.com**. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

Beplande vergaderings

- Donderdag 25 Februarie: Pensioenvergaderings
- Vrydag 26 Februarie: Raad van Finansies
- Dinsdag 2 Maart: NHSV Beurs- en Leningskomitee
- Woensdag 3 Maart: Kinderhuise Direksie

Kerklike publikasies

- Die **Boekwinkel** by die Sinodale Dienssentrum **(Derdepoort)** sal **gesluit** wees vir die week van **1 tot 5 Maart** vir voorraadopname.

- In die **Somer-uitgawe van *Vroueflitse*** gaan die NHSV voort met ’n reeks artikels gemik op geestesgesondheid. **Ds Janine Bevolo-Manders** se artikel *Depressie vra nie wie jy is nie* gee vir ons inligting rakende die simptome van depressie, wat ook by tieners kan voorkom, en hoe ons proaktief kan optree met die regte kennis. **Mev Marietjie Schutte** vertel vir ons meer oor *Ouderdomsverwante makulêre degenerasie* en hoe dit jou lewe kan verander indien jy daarmee gediagnoseer word. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**

Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia.** Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

’n Gedig

Amper sand

Vir my broer (1943-2016)

Selfs jou buitelyn het vervaag
en
diafaan geword waar jou bondeltjie
bene gedoek rus, voor die uitlê,
die was, die skeer
en
daardie titseltjie karmyn vir oulaas
blosend oor jou gesonke wange
soos lank gelede toe ons kinders was
en
jy my oor grasperke tot miltsteek jaag
of blakend met dambord uitoorlê
tot ’n Hand laataand oor jou starende oë vee
en
jou ontworstel tot stof

Eunice Basson
(Uit: *By die dag*, 2020)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word ’n affiliaal van Nguni Gifts**
  Verdien 2- to 7%-kommissie
  Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
  Stuur ’n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
  larry@nguni-gifts.co.za
  WhatsApp 072 020 8911

Barmhartigheid

- **Mishandeling. Wat is God se plan?** Rata bied ’n reeks webinare aan vir die Hervormde Kerk se ampsdraers en lidmate. Rata se doel is om ondersteuning en hulp aan die NHKA te bied. Wat is my verantwoordelikheid om molestering aan te meld? Het ek ’n verantwoordelikheid? Wat volg na ’n aanmelding? Hoekom is dit noodsaaklik om molestering aan te meld? **Estelle Jacobs** antwoord hierdie vrae tydens ’n **webinaar** op **Saterdag 27 Februarie**. Sy is ’n maatskaplike werker met ’n Meestersgraad in forensiese maatskaplike werk. Sy was voorheen by Rata se Pretoria-kantoor en is nou by die Christelike Maatskaplike Raad en Partners on Panorama. Moenie hierdie webinaar misloop nie. Registreer nou en help om ’n verskil te maak. Vir navrae, kontak dr Charmaine Fourie by 071684 7796.

- **Vakature: Permanente huisouers vir ses seuns**
  Huis Prinsloo, Rustenburg
  Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55
  (Verkieslik getroude egpaar)
  Kandidate moet keurings- en psigometriese prosesse deurloop

Moet SAPD-klaringsertifikaat toon
Kontak: Otto Viljoen 079 495 2007 / 060 968 4907 / **kinderhuise@nhk.co.za**
Suzanne van Deventer 066 477 8904 / **suzanne@rata.org.za**
Tertia Vos 082 781 6966 / **tvos@vodamail.co.za**

- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  Seniordalpta@gmail.com

Allegaartjie

"Ek het sy stokstywe blou liggaampie in my arms vasgehou. Ek het voor my eie twee oë gesien hoe die Here 'n tweede asem in hom inblaas. Toe het ek geweet Hy het 'n groter plan met Reynhardt." (Tertius Buys, vader van Suid-Afrika se topmatrikulant 2020, wat op 18 maande byna verdrink het; Maroela Media 24 Februarie 2021)

Toerusting

- **Rata: Gratis webinaar**
  Saterdag 27 Februarie aanlyn 09:00-10:00
  Leef saam met mishandeling: Wat is God se plan?
  Spreker: Estelle Basson, maatskaplike werker
  Registreer hier
  https://rata.org.za/webinars/upcoming-webinars/

- **Excelsus: Paastyd**
  15 en 16 Maart aanlyn, bespreek voor 11 Maart
  Kreatiewe werkwinkel oor die kerkjaar
  Die jaar van God se genade (Jaar B)
  Aanbieder: Dr André Bartlett
  Koste: R75
  VBO: 20 punte

Skakel: **https://forms.gle/gfrvHHnA37bFHLjN9**
Bankbesonderhede: ABSA; naam van rekening: TSO;
rekeningnommer 142 0830 463, takkode 632005, tak Pretoria
Navrae aan Rika van Rensburg by **excelsus@up.ac.za**

Basaars

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Saterdag 6 Maart vanaf 07:30**
  Al die heerlike eetgoed van ’n basaar
  Ons is bekend vir ons wors en vleis
  hv Charl Cilliers en Krugerstraat
  Navrae: **nhbhs@nhk.co.za**

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

Here, wanneer ek dink oor alles wat U in my lewe gedoen het –
die seëninge wat U aan my familie gegee het
en die krag en beskerming wat U my gegee het –
is ek baie dankbaar.

Ek is so dikwels geneig om te tob
oor die uitdagings en probleme wat my in die gesig staar.
Ek kwel my oor dinge waaroor ek geen beheer het nie.
My gedagtes word ontsteld omdat ek gou vergeet
hoe U my in die verlede gelei het.
Ek is geneig om op die verkeerde goed te fokus.

Ek wil vandag dankie sê vir alles wat U vir my gedoen het.
Meer nog, ek is dankbaar en loof U vir wie U is:
Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.
U is my toewyding, my eer en my hele lewe waardig.
Dankie, Vader.

Ellen Banks Elwell
(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*,
vertaal deur Gerda-Mari Zietsman,
CUM 2019)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk